

18 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 65:1-14

Fokusgedeelte: Psalm 65:10

God laat Homself in die natuur geld

God. Net een woord, net drie letters! Hierdie Naam gebruik mense eeue lank. Dié Naam word in die binnekamer van gelowiges, onder die erediens, maar ook op straat gehoor.

Die tragiek is dat mense dikwels die Naam gebruik, maar nie 'n benul het waarmee hulle besig is nie. Mense wil die Here platvloers maak en so oor Hom redeneer dat Hy 'n blote verbruikersartikel word. Dit is opmerklik dat mense gedurig bespiegel oor die af- of toename van die reënval en oor die oorsake vir die vrugbaarheid van grond. Daar word gesê dat die wind reg moet waai of dat die een of ander siklus die seisoene beïnvloed. Natuurlik bestaan daar iets soos 'n wetmatigheid in die natuur, maar die slim praatjies mag nie God uit sy skepping wegredeneer nie. Psalm 65 plaas die wysvinger op die punt waarom alles draai, naamlik: Dit is die Here!!

In Psalm 65 leer ons dat die Here nie toelaat dat mense Hom verpak en wegpraat nie. Hy laat Hom geld, ook in die natuur. God word nooit vasgevang in enige patroon of siklus nie. In Psalm 65 kom ons onder die indruk daarvan dat ons God in die breedste breedte en in die ruimste ruimte van die heelal moet prys. Ons koppe word gedraai om opnuut weer 'n oog te hê vir sy sorg. Voordat die natuur en seisoene immers daar was, was God daar. Hy het gesê en alles het totstand gekom. Hy het ook net gesê en sy Seun het alles nuut gemaak.

So sal Hy aan die einde net sê en alles sal volkome nuut wees. Die Here laat Homself oral geld!

Sing: Psalm 65:3 (2001-omdigting)

Dr FP Kruger (Alberton-Wes)